## WANNEER HET DIE TRICHARDT-TREK BEGIN?

I

Louis Trichardt was 'n paar jaar voor die werklike aanvang van die Groot Trek reeds oor die destydse grense van die Kaapkolonie. In 1829 het by hom die gedagte ontstaan dat êrens oor die oosgrens 'n vreedsame plek mag wees waar hy 'n gelukkige tuiste kon vind. Met hierdie doel voor oë het hy Carolus, sy oudste seun, met 33 perde, 1,200 beeste en 8,000 skape oor die grens gestuur om grond te verkry. Carolus het 12,000 morge aan die Witkeirivier naby die Tsomoberg vir 99 jaar van Hintsa gehuur. In Julie 1833 was Louis Trichardt nog in die Somersetse distrik en het hom waarskynlik in die laaste helfte van 1833 by Carolus gaan voeg.[1] Die Trichardt-familie moes teen die lente van 1834 nog langs die Witkei gewees het, want volgens 'n verklaring van die siviele kommissaris van Albanië op 12 September 1834 het daar enige dae tevore 'n Boesmanslaaf aangekom wat voorheen die eiendom was van Louis Trichardt — „'n boer wat onlangs die Kaapkolonie verlaat het en tans woonagtig is aan die Witkei in Kafferland".[2]

Wanneer het hy hiervandaan getrek? Op die vraag bestaan verskillende antwoorde: „Trichardt and his neighbours got on the move northward in May, 1835";[3] „in April, 1835 begeef Trichardt en sy mense hulle na die Oranjerivier";[4] „but as the forces of law and order closed in (inval van Britse troepe in Hintsa se gebied, April 1835) Louis Trichardt, hearing that there was a warrant out against him, slipped away northwards across the Orange . . . The Great Trek had begun";[5] „toe Hintsa in April 1835 met die Engelse in oorlog geraak het, het die Trichardts by wie ander families hulle later gevoeg het, hulle waens opgepak en getrek tot oor die Grootrivier".[6]

Die skrywer wat die vraag moes beantwoord het, stel dit soos volg: „Daar skyn heelwat verwarring te bestaan in verband met die werklike datum van Trichardt se vertrek uit die Kaapkolonie. Verskeie skrywers gee dit aan as 1834, 1835 of 1836"[7] en wanneer hy 'n paar waarskynlikhede oorweeg het, word gekonkludeer: „Dog daar is nog twyfel oor die saak".[8]

II

Die moontlikheid van 1836 kan dadelik uitgeskakel word, want daar bestaan onweerlegbare getuienis dat Louis Trichardt in die eerste maande van dié jaar reeds by Soutpansberg was.[9] Die laaste maande van 1834 en die eerste maande van 1835 moet dan oorweeg word vir die datum van

1. Nathan: *Die epos van Trichardt en Van Rensburg*, pp. 9-10; Preller: *Dagboek van Louis Trichardt*, p. LXIX.
2. Preller: *Sketse en opstelle.*
3. Walker: *Great Trek*, pp. 108-109.
4. Gie: *Geskiedenis van Suid-Afrika*, II, p. 290.
5. Walker: *History of South Africa*, p. 193.
6. A. J. H. v.d. Walt, e.a.: *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 284.
7. Nathan: *Epos*, p. 11.
8. Nathan: *Epos*, p. 12.
9. Nathan: *Epos*, p. 25; Potgieter en Theunissen: *A. Potgieter*, pp. 38-41; Preller: *Dagboek*, p. 334 e.v.; Punt: *Trichardt se laaste skof*, pp. 21, 37.

sy vertrek vanaf die Tsomoberg — en dit bly dat *APRIL 1835* haas algemeen aanvaar word. Die gevolgtrekking word gebaseer op die herinnering van Carolus Trichardt en die lasbrief vir Trichardt se inhegtenisname. Volgens Carolus sou die familie vermoedelik langs die Witkei gevestig geraak het as Hintsa nie in 1835 met die Britte in oorlog geraak het nie want as gevolg daarvan het die trek van Louis Trichardt in *APRIL 1835* van die plaas naby die Tsomoberg begin.[10] Dit wil voorkom asof die sesde Kosa-oorlog Louis Trichardt se rus versteur het en tot die volgende gevolgtrekking word geraak: „En in APRIL 1835, toe Hintza ook in die oorlog betrokke raak, vat Trichardt koers, langs die Swart-Kei op, Grootrivier — en grenstoe."[11]

Hierdie verklaring van Carolus Trichardt vind sterk ondersteuning van die lasbrief wat daar uitgereik is vir die inhegtenisname van Louis Trichardt. By die Britse outoriteite was Trichardt bekend as 'n persoon so uitgesproke vyandig teenoor die Imperiale regering dat hy in staat was om by die Kosas aan te sluit sodat kol. (later goewerneur) Harry Smith teen die einde van die sesde grensoorlog 'n beloning van 500 beeste aangebied het vir sy gevangeneming. Dit het gelei tot sy onmiddellike vertrek.[12] „Even so, Trigardt had been living beyond the borders for several years past and had very special reasons for his final departure"[13] — bedoelende die lasbrief vir sy inhegtenisname. Kol. Smith se magte het Hintsa se gebied in *April 1835* binnegetrek en teen die einde van die maand is vrede gesluit. As Louis Trichardt bewus was van die lasbrief en voor die Britse mag gevlug het[14] moes hy in begin *April 1835* begin trek het — *soos Carolus beweer.*

Hierdie bewerings is egter nie onaanvegbaar nie. Vir sover vasgestel kan word is daar geen bewys dat Trichardt ooit van die lasbrief verneem het nie;[15] Carolus se verklaring is eers in 1894 opgeteken — 60 jaar na die gebeurtenis toe hy reeds 83 gebeurtenisvolle jare agter die rug gehad het en sy geheue hom maklik in die steek kon gelaat het. Maar verder: gestel dat sy verklaring juis is en Trichardt van die lasbrief bewus was, dan moet die onleesbare jaartal by die inskrywing op 30 November in Trichardt se dagboek aanvaar word as 1835 wat impliseer dat Trichardt vanaf April 1835 tot November 1835 — 7 maande! — moes getrek het van Tsomoberg tot by die Bamboesberg. Sou 'n vlugteling nie vinniger of verder getrek

10. Nathan: *Epos*, p. 12; Preller: *Sketse en Opstelle*, p. 32; Preller: *V.T.M.*, II, p. 6; Transvaalse Argief, R 95/94.
11. Preller: *Sketse en Opstelle*, p. 36; *Dagboek*, p. LXIV. Twee bladsye verder in *Sketse en Opstelle* weerspreek die skrywer hom egter wanneer hy *suggereer dat Trichardt net voor en tydens die begin van die 6de Kosa-oorlog (Des. 1834) van Tsomo padgegee het!*
12. Theal (1834-1854), p. 93 en Theal (1828-1846), p. 108.
13. Walker: *History*, pp. 183, 204: vgl. ook Walker: *Great Trek*, pp. 108-109 en Gie II, p. 290.
14. Walker: *Great Trek*, pp. 108-109: „Trigardt and some of his neighbours got on the move northward in May, 1835. It was better so. Troops and Commandos were sweeping in Kaffirland, and . . . the authorities had had offered a reward for his apprehension". Dis moeilik te verklaar waarom die datum as MEI 1835 gestel word, want die Britse troepe was eind April lankal oor die Kei-rivier.
15. Nathan: Epos, p. 12.

het nie? As Trichardt einde November 1835 nog by die Bamboesberg gewees het, moes hy en Potgieter saam getrek het, want die Potgieter-trek het Tarka ook die einde van 1835 verlaat.[16] Dit strook natuurlik nie met die feite nie, want toe Potgieter in Mei 1836 van die Vetrivieromgewing met 'n kommissie na die noorde vertrek,[17] was Trichardt reeds by die Soutpansberg.[18] Voeg hierby 'n bewering dat Trichardt reeds in Januarie 1835 oor die Grootrivier is,[19] en daar moet twyfel bestaan oor April 1835 as die datum van Louis Trichardt se vertrek van die Tsomoberg.

## III

Die twyfel word versterk wanneer die einde van 1834 as moontlike vertrekdatum oorweeg word. Toe die Uys-kommissie aan die einde van 1834 of begin van 1835[20] haastig uit Natal terugkeer om hulle families teen die gevare van die sesde Kosa-oorlog te beskerm, het Kreli (Hintsa se seun) hulle om die Stormberge na die Bamboesberg gelei waar hulle naby die huidige Sterkstroom vir Trichardt teegekom het.[21] „Toe Trichardt later in Zoutpansberg verneem dat daar Afrikaners in Natal was, dag hy dadelik aan Moolman, een van die lede van hierdie Kommissie."[22] As dit aanvaar word, moes Trichardt die Witkei voor die einde van 1834 verlaat het. Dit word ondersteun deur die ooreenkoms tussen Trichardt en Potgieter. Toe hy by Tarka verby is, het hy 'n vlugtige besoek aan Potgieter gebring waar hulle die trek bespreek het en besluit het om in voeling met mekaar te bly — Trichardt sou voor trek en oorkant die Oranjerivier op Potgieter wag.[23] Dit wil voorkom of Trichardt 'n jaar vir Potgieter naby die Caledonrivier tevergeefs gewag het.[24] Die mees voor die hand liggende rede waarom Trichardt tevergeefs gewag het, is die sesde Kosa-oorlog wat net voor die winter geëindig het sodat Potgieter eers teen die einde van 1835 kon vertrek. Trichardt moes dan voor of met die begin van die oorlog in Desember 1834 reeds by Tarka verbygetrek het.

As vasgestel kan word dat die onleesbare datum na Bamboesberg „30 November", in Trichardt se dagboek 1835[25] moet wees, soos reeds gesuggereer is, sal die gevolgtrekkings onomstootlik staan. Daar is ook 'n in-

16. Potgieter en Theunissen: *Potgieter*, p. 33.
17. Potgieter en Theunissen: *Potgieter*, p. 38; Preller: *Dagboek*, p. 334.
18. Nathan: *Epos*, p. 25; Preller: *Dagboek*, p. 334 e.v.; Punt: *Laaste Skof*, p. 21.
19. Preller: *Sketse en Opstelle*, p. 40. Op p. 37 egter stel dr. Preller die datum op begin September 1835 wat ooreenstem met Theal: *Historical Sketches*, p. 278. Dit sal belangrik wees om ook sekerheid hier te verkry sowel as oor die vraag waar Trichardt en Van Rensburg ontmoet het en wanneer.
20. Bird: *Annals of Natal*, I, p. 231.
21. Preller: *Sketse en Opstelle*, p. 40; R. 95/94; *Volkstem*, 21.1.1916; Potgieter en Theunissen: *A. Potgieter*, p. 31.
22. Preller: *Sketse en Opstelle*, p. 35, voetnoot 1; Vgl. Bird: *Annals* I, p. 231.
23. Potgieter en Theunissen: *A. Potgieter*, p. 31.
24. Nathan: *Epos*, p. 13.
25. Preller: *Dagboek*, p. 2: „Bamboesberg, den 20 Novimber". Dr. Preller se opmerking: „Die jaartal is onleesbaar, waarskijnlik 1834". Daar is reeds in voetnoot 11 aangetoon dat hoewel dr. Preller April 1835 aanvaar as datum (waarskynlik n.a.v. Carolus se herinneringe) hy tog 'n paar bladsye verder beweer dat Des. 1834 die datum is (waarskynlik n.a.v. bogenoemde inskrywing).

skrywing in die dagboek op *7 November 1834*[26] (hierdie keer is daar geen twyfel omtrent die datum nie, maar ontbreek die plek weer) i.v.m. 'n ruiltransaksie tussen Trichardt en Johannes Rinsburgh. As aanvaar word dat met hierdie „Rinsburgh" Trichardt se togmaat, Johannes van Rensburg, bedoel word, moet dit ook aanvaar word dat die ruiltransaksie van 7 November in die omgewing van die Bamboesberg moes plaasgevind het[27] want Van Rensburg was afkomstig uit die noordelike Kaapkolonie en vir sover vasgestel kan word was hy nooit in die gebied van Hintza sodat die transaksie beklink is voor Trichardt se vertrek van Tsomo nie. Trichardt en Van Rensburg het na die hoogste waarskynlikheid in die buurt van die Bamboesberg ontmoet.[28]

Dan moet die onbrekende feite by die twee inskrywings in die dagboek soos volg aangevul word: by *7 NOVEMBER 1834* moet gevoeg word BAMBOESBERG en by *BAMBOESBERG, 30 NOVEMBER* moet gevoeg word *1834*. As die ander feite wat in die rigting dui ook in aanmerking geneem word (sowel as die bedenkings wat teen April 1835 as vertrekdatum gekoester kan word) dan skyn die afleiding dat die Louis Trichahrdt-trek voor November 1834 'n aanvang geneem het, geregverdig te wees. Waarskynlik het Nathan hieraan gedink toe hy beweer: „Hier kan bygevoeg word dat hulle lank voordat hy kon geweet het dat 'n beloning vir sy gevangeneming uitgeloof is, hy besluit het, vanweë die voortdurende moeilikhede met die inboorlinge om die stof van die Kaapkolonie vir altyd van sy voete af te skud"[29] en „dog daar is goeie rede om aan te neem dat in die 1834 was . . ."[30]

26. Preller: *Dagboek*, p. 4: „1834, Novimber 7, afgegeven voor rekening van Johannes Rinsburgh 23½ lb. tabak voor een os tegen 24 Rds." Alhoewel nie kronologies nie, verskyn die inskrywing van 30 November op p. 2 en die van 7 November op p. 4 in die dagboek.
27. Preller: *Sketse en Opstelle*, pp. 38 en 40; R. 95/94.
28. Ibid: Theal: *Historical Sketches*, p. 269; in R. 95/94 word verklaar dat Trichardt in die buurt (Bamboesberg) met H. v. Rensburg in aanraking gekom het; Nathan: *Epos*, p. 13 aanvaar sonder voorbehoud dat dit die trekleier, Van Rensburg is.
29. Nathan: *Epos*, p. 11. Hy verstrek egter geen bewyse nie en beweer in die volgende paragraaf: „Daar skyn heelwat verwarring te bestaan in verband met die werklike datum van Trichardt se vertrek uit die Kaapkolonie."
30. Nathan: *Epos*, p. 12. Weer verstrek hy geen redes of bewyse nie.

G. D. J. Duvenage